Die top twintig wenke vir OTM-gebruik in die wêreld

Om die OTM-kliëntervaring te verbeter

Hoe om ’n OTM te kies

Wenk 1

Gebruik waar moontlik OTM’e waarmee u die beste vertroud is. Anders moet u goedverligte, goedgeleë OTM’e kies waar u gemaklik voel.

Wenk 2

Bekyk die hele OTM-area *voordat* u dit nader. Vermy die gebruik van die OTM heeltemal indien daar enige verdagte individue aanwesig is of indien dit te afgeleë of onveilig lyk.

Wenk 3

Probeer om nie u beursie of sak oop te maak terwyl u in die ry staan vir die OTM nie. Hou u kaart in u hand gereed *voordat* u die OTM nader.

Wenk 4

Let op indien enigiets omtrent die OTM ongewoon of verdag lyk wat aandui dat daaraan verander is. Indien dit blyk dat die OTM enige bytoestel by die kaartgleuf of sleutelpaneel het, moenie dit gebruik nie. Kyk uit vir ongewone instruksies op die skerm en vir verdagte blanko skerms. Indien u vermoed dat daar met die OTM gepeuter is, gaan na ’n ander OTM en stel die bank in kennis.

Wenk 5

Vermy OTM’e wat boodskappe of tekens daarop het wat aandui dat die skermaanwysings verander is, veral indien die boodskap bo-oor die kaartleser geplak is. Banke en ander OTM-eienaars sal nie boodskappe opsit wat u na ’n ander OTM verwys waaraan verander is nie.

Hoe om ’n OTM te gebruik

Wenk 6

Wees uiters versigtig wanneer vreemdelinge aanbied om u by ’n OTM te help, selfs al sit u kaart vas of ondervind u probleme met die transaksie. U moenie toelaat dat enigeen u aandag aftrek terwyl u by die OTM is nie.

Wenk 7

Kyk dat ander individue in die ry op ’n aanvaarbare afstand van u af bly. Wees op die uitkyk vir individue wat u kan dophou wanneer u u PIN insleutel.

Wenk 8

Staan naby die OTM en beskerm die sleutelpaneel met u hand wanneer u u PIN insleutel (u kan dalk die kneukel van u middelvinger gebruik om die PIN in te sleutel).

Wenk 9

Volg die instruksies op die skerm, dws moenie u PIN insleutel totdat die OTM u versoek om dit te doen nie.

An initiative by the Global ATM Security Alliance

Wenk 10
Indien u voel dat die OTM nie normaal werk nie, druk die Kanselleer-sleutel, verwyder u kaart en gaan na ’n ander OTM. Rapporteer die aangeleentheid by u finansiële instelling.

Wenk 11
Moet nooit u kaart in die kaartgleuf inforseer nie.

Wenk 12
Hou u gedrukte transaksierekord sodat u u OTM-kwitansies met u maandelikse staat kan vergelyk.

Wenk 13
Indien u kaart vassit, teruggehou word of verlore raak, of indien u lastig geval word by ’n OTM, rapporteer dit onmiddellik aan die bank en/of polisie deur die hulplyn wat voorsien word of naaste telefoon te gebruik.

Wenk 14
Moenie haastig wees tydens die transaksie nie en maak seker dat u kaart en kontant veilig in u beursie, handsak of sak is *voordat* u die OTM verlaat.

Hoe om u OTM-gebruik te bestuur

Wenk 15
Memoriseer u PIN (indien u dit moet neerskryf, doen dit op ’n bedekte manier en moet dit nooit saam met u kaart dra nie).

Wenk 16
MOET NOOIT u PIN aan enigeen bekendmaak hetsy ’n familielid, bankpersoneel of die polisie nie.

Wenk 17
Moenie vanselfsprekende en raaibare nommers soos u geboortedatum vir u PIN gebruik nie.

Wenk 18
Verander u PIN van tyd tot tyd en, indien u dink dat dit dalk in gevaar gestel is, verander dit onmiddellik.

Wenk 19
Stel u daaglikse OTM-onttrekkingslimiet by u tak op vlakke wat u as redelik beskou.

An initiative by the Global ATM Security Alliance

Wenk 20

Gaan gereeld u rekeningsaldo en bankstate na en rapporteer enige teenstrydighede onmiddellik aan u bank.

* Let asseblief daarop dat u dieselfde voorsorgmaatreëls moet tref wanneer u u kaart(e) by ’n VP (verkoopspunt)-sleutelpaneelterminaal in ’n kleinhandelsomgewing of by ’n restaurant gebruik of wanneer u aanlyn of telefonies transaksies doen of wanneer u tjeks uitskryf – praat met u banktak oor sekuriteit wanneer u dié ander diensleweringskanale gebruik.